



Om 'n konka vol brandstof te dra, is bra 'n ongemaklike taak. Dit is egter een van die kunsies wat die lede van SANAE 7 teen wil en dank moet aanleer.

SANAE-manne swoeg en sweet in hitte

(Pretoriase Redaksie)

DIE VOLGENDE TWEE WEKE lê daar swoeg en sweet in die skroeiende son van Pretoria voor vir die 15 lede van die sewende Suid-Afrikaanse ekspedisie na die Antarktika.

Die span, bekend as Sanae 7, onder leiding van Sean Kavanagh, is tans besig om 'n fiksheidsprogram te ondergaan wat spesiaal vir hulle opgestel is deur die S.A. Federasie vir Jeug en Sport.

Hoewel die span meestal uit wetenskaplikes en werktuigkundiges bestaan, lê daar in die poolgebied harde hardearbeid vir hulle voor wanneer dit kom by die aflaai en vervoer van die voorrade.

Eerste keer

Waar die manne tans in temperature van oor die 80 grade F. oefen, sal hulle vroeg in Januarie hul werk voortsit in temperature so laag as minus 40 grade Celsius.

Die span vertrek op 30 Desember van Kaapstad en as hulle nie in ys vasval nie, sal hulle 10 dae later in die Suidpoolgebied wees.

Die oefeninge is vir uithou-vermoë en krag opgestel, en dit is die eerste keer dat 'n Suidpoolspan so iets onderneem.

Van die landingsplek tot by die basis moet al die voorrade

en apparaat vir die verblyf van 13 maande oor 'n onherbergsame 12 myl van sneeu en ys vervoer word.

Hoewel daar trekkers is, word baie van sleë wat deur honde getrek word, gebruik gemaak en die aflaai rus op die skouers van die span.

Kookkuns

Die span sal ook drie dae lank by die Pretoriase brandweerstasie onderrig ontvang in die blus van brande en algemene voorkoming van brand. Hulle ontvang ook twee dae lank onderrig in kookkuns by die Departement Landbouegniese Dienste se kookkuns afdeling.

Hoewel die basis tans tussen ses en agt voet onder sneeu begrawe is, bestaan daar altyd 'n gevaar van brand.

Die oefeninge wat die span ondergaan, sluit die optel en dra van swaar voorwerpe in, lang en te hardloop, klim en ander weerstandoefeninge.

Die hele span is geruimd en sien uit na die volgende maande in die yskoue sneeuwêreld.

Ma.
vriend.
vraag as
Losberg
as